Nabetragting van Boodskap Sondag 5 Julie 2020

Gegroet vanuit die pastorie

## Maandag

**Skepper te vertrou:** Jy kan probeer in eie krag alle uitdagings aanpak. Daar is iets positiefs aan so 'n benadering, maar in beginsel neem jy 'n reuse kans – sê nou maar dit werk toe nie? Wat beteken dit om op die Here te vertrou as alles min of meer lyk of dit net vernietiging aanhelp. Om te sê jy vertrou, maar jy sit en wag, is nie naastenby wat bedoel word met om op die Here te vertrou nie. Dit vra dat jy met die Here sal gesels, sal luister – jy sal wysheid kry. 'n Gesindheid van vertroue is die beste braakland vir 'n goeie oes wat jy saai, maar nog nie sien nie. Jy sal sien – nie net wysheid sal inspring nie, maar ook oplossings waaraan jy nie eens kon dink nie.

## Dinsdag

**Samekomste:** Samekomste beteken nie die bywoning van eredienste nie, maar dit wel ook. Samekoms beteken enige saamkom van meer mense as jyself. Jy en jou geliefdes, jy en jou vriende, jy en jou bure, jy en jou wyk, jy as deel van 'n Bybelstudie groepie, ens. Saam bid, saampraat, saam die Here loof, saam versoeke rig beteken ook om te hoor, nuwe idees te kry, mekaar te ondersteun, saam te sien waar die nood is. Tog is die grootste faktor van samekomste dat dit eksponensieel werk. In elk geval is klein groepies die enjins wat 'n gemeenskap staande hou en natuurlik 'n gemeente ook.

## Woensdag

**Klein treetjies**: As dit dalk vir jou lyk asof sommige mense gelukkig is en skielik 'n groot stap vorentoe kon gee, sal jy heeltemal verkeerd wees. Voor die groot tree was daar altyd baie klein treetjies – mens weet gewoonlik net nie daarvan nie. Treetjies in 'n bepaalde rigting het ook voordele: As jy in verkeerde rigting begin, kan jy gou-gou herstel sonder groot skade. Die skepping werk ook so dat elke treetjie stuur 'n boodskap vooruit, proklameer as't ware dat die pad deur die woestyn oopgemaak moet word. Elke treetjie help jou ook om moed te hou want jy is aan die gang. Wat treetjies wel vra, is 'n fokus, 'n intensie, 'n visie want jy moet weet waar om weg te spring en waarheen om te gaan.

## Donderdag

**Skeppend te wees:** Jy is hier in die wye universum met 'n doel en dit is om God se skepper en kunstenaar en tuinier en wat ook al iets beter maak, te wees. Niemand kan dit wees wat jy is nie, want jou samestelling is uniek. Dit ontspring vanuit die groot gebod om die Here lief te hê met alles wat jy is en jou naaste lief te hê soos jy jouself lief het. Jy is 'n kind van God – ag jouself vir wat jy is. Sonder selfagting is die lewe 'n lang uitgerekte begrafnis. En let op – daar is geen persoon gebore wat nie besonders is nie en elkeen van ons het die verantwoordelikheid om ander te help om hom- of haarself lief te hê.

## Vrydag

**Hoop laat waag:** Hoe stewiger jou verhouding met jou Skepper, hoe meer sal jy die lewe aanpak met woema. Jy sal waag om meer aan te pak as jou eie vermoë; jy sal waag om te gee, al het jy min; jy sal waag om te help, al voel jy onmagtig; jy sal waag om die Here te prys, al lyk dit of Hy verdwyn het; jy sal waag om jouself te wees, al voel jy 'n mislukking; jy sal waag om weer op te staan, al het jy platgeval vir die soveelste keer. Dit is eintlik 'n geloofs-vermyding om te glo dat God in jou woon deur sy Gees en nie te wil waag nie. En natuurlik gaan jy foute maak, maar wees verseker dat die een wat waag vêrder kom as die een wat die ou talent wat hy het, gaan begrawe het.